**Moses worstel...en die Here lig die sluier (OP165)**

**Eks 4:1-17**

**3 Maart 2024**

In die vorige twee preke het ons stilgestaan by Eks 3. Daar het ons geleer hoedat die Here Moses vanuit die brandende bos geroep het om die volk uit Egipteland te gaan lei. Ons het daarop gelet dat die Here Moses onder die indruk gebring het van die feit dat Hy die Heilige God is, en ook dat Hy die Verbondsgod is – die God van Abraham, Isak en Jakob. In Eks 3 het ons ook van twee besware geleer wat Moses geopper het teen hierdie roeping van die Here. In vers 11 was Moses se eerste beswaar – hy het die vraag gevra: "Wie is ek, dat ek na die farao kan gaan om die Israeliete uit Egipte te lei?" En die Here het hom in vers 12 geantwoord: "Ek is immers by jou". In vers 13 het Moses 'n tweede beswaar geopper: Hier was Moses se beswaar wat moet hy die volk antwoord as hy vir hulle sou sê die Here het hom gestuur, en hulle sou vra: "Wat is Sy Naam?" Ons het daaroor besin die betekenis van hierdie vraag van die volk is nie soseer om nog 'n Naam van die Here te leer ken nie, maar eerder om meer te leer oor Sy wese, Sy karakter, d.w.s. hoe Hy is. In verse 14-15 het die Here hierdie vraag geantwoord: Hy is "Ek is", oftewel Jahwe, oftewel Jehova, oftewel die HERE, oftewel die Verbondsgod, die God van Abraham, Isak en Jakob. As die Here sê "Hy is", beteken dit Hy bestaan, Hy is ewig, Hy is altyd en oral teenwoordig, Hy is die krag agter alles wat gebeur, Hy is selfvoorsienend, Hy is soewerein, Hy is onveranderlik, Hy is onuitputlik – Hy is eenvoudig "Hy is".

Vandag wil ek stilstaan by Eks 4:1-17. In hierdie verse leer ons van nog twee besware wat Moses opper teen sy roeping deur die Here om die volk uit Egipte te gaan verlos. Sy derde beswaar word in verse 1-9 bespreek – hierdie beswaar is: "En sê nou die Israeliete glo my nie?" Sy vierde beswaar is in verse 10-17 – hierdie beswaar is: "Maar ek is nie 'n man van woorde nie!" Ek wil vandag by hierdie twee besware van Moses stilstaan, asook by die Here se antwoord aan hom rakende hierdie twee besware. Daarna wil ek kortliks opsommend kyk na die Here se openbaring deur Sy antwoorde aan Moses in reaksie op al vier besware.

Beswaar 3: "En sê nou die Israeliete glo my nie?" (Eks 4:1-9)

Al het die Here in reaksie op Moses se tweede beswaar 'n oortuigende antwoord gegee van Sy aard en waarom Hy wel vir Moses kan stuur om die volk te verlos, voel Moses dit help om homself te oortuig dat hy deur die Here geroep word vir die taak, maar gaan dit noodwendig die volk oortuig? In Eks 4:1 vra Moses: "En as die volk my nie glo nie, as hulle nie na my luister nie? En as die volk sou redeneer die Here het nie aan my verskyn nie?" Moses het sekerlik gronde gehad om hieroor bekommerd te wees: Immers was hy 40 jaar gelede nie suksesvol om die volk te oortuig hy was hulle verlosser nie. Sedertdien het hy vir 40 jaar verdwyn, en nou moet hy skielik teruggaan en verwag die volk gaan hom hierdie keer as hulle verlosser aanvaar. Ja, dit is so, hy as Moses het die ervaring van die Here se verskyning in die brandende doringbos gehad, maar die volk het dit nie beleef nie. Hoekom sal hulle hom glo as hy nou teruggaan en vertel dat hy nou deur die Here geroep is vir hierdie groot taak?

Die verstommende is dat die Here steeds geduldig bly met Moses, t.s.v. al sy besware. In verse 2-9 gee die Here aan Moses drie tekens wat hy by die volk kan gaan doen om hulle te oortuig die Here het hom gestuur. Voordat ons na die detail van die drie tekens kyk, let op dat verse 8-9 in die DAV hierdie tekens beskryf as "tekens". As jy na Eks 7:3 sou blaai, verwys die DAV na "tekens en wondertekens". Die NAV verwys in Eks 4:8-9 na "wondertekens", en in Eks 7:3 na "tekens en wonders", terwyl die OAV in Eks 4:8-9 na "tekens" verwys, en in Eks 7:3 na "tekens en wonders". Motyer sê alhoewel ons nie die onderskeid tussen tekens en wonders te ver moet dryf nie, is daar

tog wel 'n verskil tussen die twee woorde. Volgens hom is 'n "wonder" 'n gebeurtenis wat aandag trek, 'n gebeurtenis wat abnormaal is, 'n gebeurtenis wat mense tot stilstand dwing. Wanneer ons netnou na die detail van die drie tekens gaan kyk wat die Here vir Moses gegee het, sal ons sien dat dit inderdaad wonders was – dit was sodanige gebeurtenisse wat definitief aandag sou trek. Maar dit word in Eks 4 spesifiek "tekens" genoem. Motyer wys daarop dat 'n teken meer is as net iets abnormaals, meer as net iets wat aandag trek en tot stilstand dwing – dit is iets wonderliks wat ook 'n dieper betekenis het, die Here wil daardeur meer kommunikeer as net dat Hy iets wonderliks kan doen.

Verskeie kommentatore verwys net na die feit dat hierdie tekens wat die Here vir Moses gegee het, onderstreep dat die Here almagtig en soewerein is, en dat Hy daarom by magte is om iets abnormaals te doen. Ek stem saam dat die Here dit hierdeur demonstreer, maar ek dink ook Motyer is reg as hy suggereer ons moet dieper soek om die volle betekenis te verstaan. Ek is egter ook oortuig ons kan selfs dieper delf as wat Motyer in sy kommentaar doen.

Let op wat die doel met die tekens was: Lees Eks 4:5 "Dit is sodat hulle kan glo dat die Here, die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob aan jou verskyn het". Vergelyk dit ook met vers 8: "As hulle jou nie glo nie, en nie aandag gee aan die eerste teken nie, sal hulle die laaste teken glo". Die doel van die drie tekens is dus dat hulle die volk moet oortuig sodat hulle kan glo dat Moses wel deur die Here gestuur is om hulle uit Egipte te lei. Die Here wil dit gebruik om hulle aandag te trek, en hulle te oortuig die God van hulle voorvaders het Moses gestuur. Die doel is dat hulle kan glo die verlossing kom van die Here self af. Onthou nou verder: Moses was 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus wat later sou kom om gelowiges te verlos uit die slawehuis van die sonde. En toe Jesus gekom het, het Hy ook tekens en wonders gedoen – soos Moses. In Joh 14 praat Jesus met Sy dissipels kort voor Sy kruisiging. In Joh 14:1 sê Hy vir hulle: "Glo in God, glo ook in My." Hoor jy? Jesus moedig die dissipels aan om in God te glo, en ook dat hulle in Hom moet glo – Hy is immers deur God die Vader gestuur. Sien jy die ooreenkoms raak tussen Jesus en Moses? Moses is deur God gestuur om die volk uit Egipte te lei, Jesus is deur God gestuur om Sy dissipels uit die sonde te lei. In Joh 14:11 sê Jesus vir Sy dissiples: "Glo My dat Ek in die Vader en die Vader in My is, of glo dan op grond van die werke self." Jesus dring aan dat Sy dissipels moet glo Hy kom van die Vader af, en Hy sê as hulle sukkel om dit te glo, dan moet hulle na Sy werke kyk – na die tekens en wonders kyk wat Hy gedoen het sodat hulle daardeur oortuig kan word – soos wat Moses van die Here tekens ontvang het om die volk te oortuig dat hulle kan glo hy is deur die Here gestuur om hulle uit te lei.

Kom ons kyk nou kortliks na elk van die drie tekens wat die Here vir Moses gegee het:

- **Die teken van die staf / slang (Eks 4:2-5):** Die eerste teken was dat Moses die staf wat hy in sy hand gehad het, op die grond moes gooi. Onthou, Moses het op daardie stadium die kleinvee van sy skoonpa Jetro opgepas – ons kan dus aflei dat die staf 'n herderstaf was wat hy vir die kleinvee gebruik het. Toe hy dit op die grond gegooi het, word dit 'n slang – ons lees Moses het teruggedeins, wat onderstreep dit was 'n werklike slang waarvoor Moses bang was. Daarna het die Here vir Moses gesê om die slang aan die stert te gryp – wat Moses toe gedoen het, en toe word die slang weer 'n staf.

  Natuurlik is wat hier gebeur abnormaal, en 'n bewys van die almag van die Here. Die vraag is egter: Is hier meer betekenis in? Ek is oortuig hier is. Dit is so dat 'n kobra prominent in die kroon van die farao gefigureer het. Hierdie slang is geassosieer met die songod Ra, wat deur die Egiptenare aanbid is. Die kobra in die farao se kroon moes as afskrikking dien vir die vyande van die Egiptenare. As die Here nou deur Moses 'n staf in 'n slang kan verander, en

dit daarna weer terug kan verander na 'n staf, dan is die Here duidelik magtiger as die slang en die songod Ra. Immers het Hy Homself in Eks 3 met se Moses tweede beswaar bekend gemaak as "Ek is", wat onder andere beteken dat Hy soewerein en in beheer is – dat Hy selfs in beheer is van die Egiptenare se songod Ra.

Daar is egter nog 'n ander slang in die Bybel wat ek oortuig is ons hier in gedagte moet hou – dit is die slang van Gen 3, wat natuurlik die duiwel self verteenwoordig. In Gen 3:15 is die belofte alreeds gegee dat die Een uit die nageslag van die vrou, die kop van die slang sal vermorsel. Wel, as Moses nou 'n tipe is van Jesus, en as Jesus ook die Een is wat in Gen 3 beloof is as die Een wat die slang sal vermorsel, moet ons tog sekerlik in hierdie teken meer sien as net God wat by magte is om 'n staf 'n slang te maak en daarna weer 'n staf. Die Here wil meer kommunikeer as dit: Nie net gaan die Here deur die verlossing deur Moses die slang wat die Egiptenare aanbid, oorwin nie, Hy gaan deur die Een van wie Moses 'n tipe is, Hy gaan deur Jesus, die slang, d.i. die duiwel self, finaal vernietig. Die eerste teken wys dus daarop dat die Here die duiwel sal vernietig deur die Een van wie Moses 'n tipe is.

- **Die teken van die melaatse hand (Eks 4:6-7):** In die tweede teken moes Moses sy hand in die vou van sy kleed steek. Toe Hy dit uittrek, was sy hand melaats – soos sneeu! Daarna moes hy in opdrag van die Here weer sy hand in die vou van Sy kleed steek, en toe hy dit daarna weer uittrek, was sy hand weer heeltemal gesond, soos die res van sy liggaam.

Melaatsheid was natuurlik 'n ernstige saak in die Ou Testament – dit het gelei tot onreinheid en 'n melaatse persoon moes buite die kamp bly. Daar was verskeie voorskrifte waaraan 'n melaatse persoon moes voldoen, voor hy weer in die kamp toegelaat kon word (lees byvoorbeeld Lev 13 en verder). Of dink aan Miriam, Moses se suster, wat melaats geword het toe sy Moses se gesag bevraagteken het – sy moes sewe dae lank buite die kamp bly, voor sy kon terugkom (Num 12:15).

Melaatsheid is dus 'n teken van onreinheid, soos wat gelowiges ook onrein is a.g.v. die teenwoordigheid van sonde. Onthou: Moses is 'n tipe van die Here Jesus. As ons dus hier lees dat Moses sy hand in sy klere se vou steek, en dit kom melaats uit, is dit 'n aanduiding van Jesus wat ons sondes op Hom neem. Hy was self rein, maar Hy neem ons sondes, ons melaatsheid, op Homself. Ons lees ook dat as Moses weer sy hand in die vou van sy klere steek, word dit gesond en rein – soos wat Jesus effektief die sondes van gelowiges hanteer en hulle rein maak, hulle selfs heilig maak. Die tweede teken wys dus daarop dat die Here die melaatsheid, die sonde van gelowiges sal wegneem deur die Een van wie Moses 'n tipe is.

- **Die teken van water wat in bloed verander (Eks 4:8-9):** In die derde teken moes Moses van die water van die Nylrivier neem, en dit op die droë grond uitgooi – die water sou dan in bloed verander – dit herinner natuurlik aan die eerste plaag wat later sou plaasvind waar die Nylrivier en ander waterbronne se water ook in bloed verander het.

Wat ons hier in gedagte moet hou is dat die Nylrivier as't ware die lewensaar was van Egipte. In die Ensiklopedie van Antieke Egipte word die Nylrivier beskryf as "die vader van lewe" of "die moeder van alles" vir die Egiptenare. Die Nylrivier was effektief 'n afgod vir die Egiptenare in wie hulle hulle vertroue geplaas het. Dink maar net hoe hulle die Nylrivier gebruik het om die seuntjies van die Israeliete, hulle vyande, dood te maak. En nou kom die Here met die derde teken en verander die water van die Nylrivier in bloed – dit beteken die einde van hulle afgod, die einde van hulle bron van lewe. As die volk Israel 'n Ou

Testamentiese tipe van die gelowiges is, is die Egiptenare 'n Ou Testamentiese tipe van die ongelowiges, oftewel die wêreld, en die Nylrivier is 'n Ou Testamentiese tipe van die afgode van die wêreld wat ongelowiges aanhang. Die derde teken wys dus daarop dat die Here die ondergang van die wêreld en sy gode waarop hulle vertrou gaan bewerk deur die Een van wie Moses 'n tipe is.

Kom ons besin nou oor aldrie die tekens gesamentlik: Die eerste teken van die slang en die staf dui dus op die oorwinning oor die duiwel wat die Here deur Sy verlossingswerk deur die Een van wie Moses 'n tipe is, d.w.s. deur die verlossingswerk van Jesus, gaan bereik. Die tweede teken van die melaatsheid dui op die reinigingswerk in gelowiges wat die Here gaan bewerk deur Sy verlossingswerk deur die Een van wie Moses 'n tipe is, d.w.s. deur die verlossingswerk van Jesus. Die derde teken van die water wat in bloed verander, dui op die oorwinning oor die sondige wêreld en al sy afgode wat die Here gaan bewerk deur Sy verlossingswerk deur die Een van wie Moses 'n tipe is, d.w.s. deur die verlossingswerk van Jesus. As Moses dus vra wat hom te doen staan om die volk te oortuig dat hy werklik die verlosser is wat die Here na die volk stuur, gee die Here aan hom drie tekens om voor die volk te doen – en die inhoud van die drie tekens is 'n kriptiese beskrywing van die omvang van die verlossing van die Here. Die verlossing van die Here gaan die duiwel oorwin, die sondige aard van die gelowiges herstel, en die wêreld en al sy afgode oorwin. Hoor jy dit? Die verlossing wat die Here gaan bring, gaan aldrie aartsvyande van die gelowige aanspreek: die duiwel, ons eie sondige natuur, en die wêreld met al sy verleidelikhede. Die Bybel leer ons tog dat dit ons drie aartsvyande is:

- **Eerste aartsvyand: die duiwel:** Lees Joh 14:30: "Ek sal nie meer baie met julle praat nie, want die heerser van die wêreld is aan die kom, en hy het nie mag oor My nie." Die "heerser van die wêreld" is natuurlik die slang van ouds, die duiwel. Maar Jesus het juis gekom om hom te bind tydens Sy kruisiging, en sal hom met Sy wederkoms finaal vernietig. Die teken van die staf en die slang wys na sy finale vernietiging deur Jesus.
- **Tweede aartsvyand: ons sondige natuur:** Lees Gal 5:17: "Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees, die twee opponeer mekaar, sodat julle dit wat julle ook al wil, nie kan doen nie." Dit verwys na ons sondige aard wat tot gevolg het dat ons die sonde liefhet en daaraan vasklou – wat dus tot gevolg het dat ons melaats is en buite die kamp moet bly. Maar die verlossing van die Here spreek hierdie sondeskuld en sondige aard suksesvol aan. Die teken van die melaatse hand wys na hierdie reinheid, selfs heiligheid, wat die Here deur Sy Gestuurde gaan bewerk.
- **Derde aartsvyand: die wêreld:** Lees 1 Joh 2:15: "Moenie die wêreld, of wat in die wêreld is, liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie." Die duiwel gebruik die wêreld om gelowiges van God te wil afrokkel. Maar die Here se verlossing gaan ook die wêreld oorwin. Die vernietiging van die Nylrivier as lewensaar vir die goddelose Egiptenare wys hierna.

Die verlossing van die Here is volmaak om aldrie ons aartsvyande volledig te oorwin. Die drie tekens wat die Here aan Moses gegee het om die volk te gaan oortuig dat hy deur die Here gestuur is, het die volledigheid van die Here se verlossingsplan al duidelik gemaak. Nie net moes dit die volk oortuig om Moses te erken as die een wat die Here gestuur het om hulle te verlos nie, dit moes hulle ook opgewonde maak oor die omvangrykheid en volledigheid van die Here se verlossingsplan. Netso moet ons hieruit oortuig word dat Moses 'n tipe was van ons Verlosser. Dit moet ons oortuig om die Here Jesus te erken as die Een wat die Here gestuur het om ons te verlos. Boonop, moet dit ons opgewonde maak oor die omvangrykheid en volledigheid van die Here se verlossingsplan.

Beswaar 4: “Maar ek is nie ‘n man van woorde nie” (Eks 4:10-17)

Sommige kommentatore onderskei twee verder besware van Moses in verse 10-17 – een in verse 10-12, en ‘n tweede in verse 13-17. Ek gaan die twee egter kombineer en saam bespreek, omdat dit vir my lyk hulle is nou verwant.

Lees verse 10-12. Die beswaar wat Moses nou opper is dat hy nie ‘n man van woorde is nie – hy was dit nie in die verlede nie, en is dit nog steeds nie – selfs nie noudat die Here met hom uit die brandende doringbos gepraat het nie. Moses redeneer hy is swaar van mond en ook swaar van tong. Dit is nie heeltemal duidelik hoe ons hierdie beswaar van Moses moet interpreteer nie. Ons dink gewoonlik hieraan as sou dit beteken dat Moses nie goed kon praat nie, miskien dat hy selfs ‘n fisiese gebrek gehad het. Maar in Hand 7:22 sê Stefanus Moses was vaardig in woord en daad, wat die indruk skep dat Moses wel effektief was om goed te kon kommunikeer. In elk geval, later in Eksodus lyk dit asof Moses wel goed kon kommunikeer – ten minste wanneer hy in gesprek was met die Here. Sommige kommentatore redeneer dat Moses miskien net nie effektief was om voor die volk of voor die farao en die Egiptenare effektief te redeneer en debateer nie. Dit is egter opvallend dat die Here nie Moses korrigeer en sê hy is wel ‘n man van woorde nie. Alhoewel ons nie presies weet wat Moses beperk het nie, op een of ander wyse was Moses nie in staat om effektief met die volk te praat nie.

Wat die Here egter wel vir Moses sê is dat Hy die soewereine God is. Hy het dit so beskik dat die mens ‘n mond het, Hy maak mense stom of doof, siende of blind. Daarom kan die Here vir Moses in vers 12 sê: “Gaan dan nou! Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê”. Onthou in Eks 3:12 het die Here al met Moses se eerste beswaar gesê Hy sal by Moses wees, nou sê die Here Hy sal in besonder by Moses se mond wees om sodoende die beperking wat Moses gehad het, te oorkom. Let op: In vers 10 spreek Moses die Here aan as “my Heer” (in Afrikaans met kleinletters geskryf) – dit is in Hebreeus die Naam Adonai, ‘n Naam wat juis dui op die Here as die Soewereine en Almagtige God (ons moet die naam onderskei van HERE, Jahwe, die Verbondsgod). En die antwoord van die Here onderstreep juis Sy soewereiniteit en almag, waardeur Hy Moses se beperking sal oorkom.

Let ook op: die Here verander nie nou skielik van plan nie – nee, wat ook al Moses bedoel het met die feit dat hy nie ‘n man van woorde is nie, is nie nuus vir die Here nie, en verander ook nie die opdrag van die Here aan Moses nie. Nee, die Here sê steeds: “Gaan dan nou!”

Lees verse 13-17. In die DAV lees ons in vers 13 dat Moses vir die Here sê: “Asseblief, my Heer! Stuur asseblief iemand anders.” Die NAV vertaal dit soortgelyk. Die OAV vertaal dit egter soos volg: “Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur.” Dit is meer vaag as die DAV se vertaling – dit laat die deur steeds oop dat as die Here so wil om Moses te stuur, dan kan Hy – al is dit nie wat Moses sou verkies nie. Motyer redeneer dat hierdie vertaling nader aan die oorspronklike betekenis is. Hy bied alternatiewe vertalings aan soos die volgende: “Oh, Lord, have it your own way” of “Oh, Lord, do what You want”. Moses redeneer dus: As dit kan, sou hy verkies as die Here iemand anders kan stuur, maar die Here moet besluit wie Hy wil stuur. Dit laat my direk dink aan die Here Jesus in die tuin van Getsemane as Hy met die Here worstel: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil” (Mat 26:39). Dit was egter die wil van die Vader dat Moses moet gaan, soos wat dit ook die wil van die Vader was dat Jesus die beker moes drink.

Die Here se toorn ontvlam egter teen Moses. En die Here sê Moses se broer Aäron is reeds op pad na Moses toe – ons weet nie presies hoekom nie, maar hy is reeds op pad. En boonop is Aäron wel

welsprekend. Weereens is dit duidelik: die Here is nie onkant betrap nie, nee, die Here het alreeds voorsien: Aäron is alreeds op pad, en hy kan doen wat Moses nie kan doen nie. Uit verse 15-16 word dit duidelik dat Moses en Aäron voortaan saam sal moet werk. Die Here onderneem Hy sal met hulle twee wees, en spesifiek met hulle altwee se monde wees. Aäron moet voortaan Moses se mond wees wat direk met die volk sal praat – Eks 7:1 sê Aäron was Moses se profeet. Moses daarenteen sal vir Aäron 'n god wees (DAV) – ons moet dit verstaan dat Moses vir Aäron sal sê wat die Here vir Moses sê. Dus: Die Here sal voortaan met Moses praat, Moses moet dan met Aäron praat, en Aäron moet met die volk praat.

Wat ons moet raaksien is dat hier 'n ontwikkeling plaasgevind het: Tot dusver het die Here vir Moses geroep en hy sou die een wees deur wie die Here die volk gaan uitlei. Maar a.g.v. Moses se onvermoë om effektief te kommunikeer, is daar nou nog 'n rolspeler: Aäron. Ons weet hy is Moses se broer. Ons weet ook hy sou eventueel die volk se hoëpriester word. Die enigste aanduiding daarvan in die huidige gedeelte is dat Aäron 'n Leviet genoem word in vers 14 – maar dit lyk nie vir my of dit die fokus op die oomblik is nie – dit sal eers later na vore kom.

Onthou nou die volgende: Die Here Jesus het as Middelaar drie rolle vervul: Hy was Profeet, Hoëpriester en Koning. Sy Hoëpriesterskap sal later in Eksodus en in die Sinaiverbond heelwat aandag kry, Sy koningskap sal in die Dawidverbond heelwat aandag kry. Hierdie twee rolle is nie nou die fokus nie – die fokus hier is op Sy rol as Profeet. Ons weet tog dat 'n profeet se rol is om die Here se wil aan die mense bekend te maak. En in hierdie gedeelte is daar nou juis sprake oor hoe die Here met die mense gaan praat – hoe Hy Homself aan hulle gaan bekend maak. Die Here leer ons dus hier iets oor die profetiese rol.

In die Ou Testament is Moses in besonder 'n tipe van die Here Jesus as Profeet. Dit is tog met Moses wat die Here praat en Sy wil bekend maak. Dit is deur Moses wat die Here Sy wette en voorskrifte vir die volk gegee het. Vergelyk dit met die Here Jesus. Lees Joh 14:6-11. Hier lees ons: Jesus is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader, behalwe deur Jesus nie. As ons Jesus leer ken, leer ons die Vader ken – Jesus tree dus op as Profeet wat die Vader aan ons kom bekend maak. Jesus is in die Vader en die Vader in Jesus. Die woorde wat Jesus sê, is die woorde van die Vader wat in Jesus bly. Die punt is: Moses was as profeet 'n tipe van die Here Jesus in Sy profetiese rol. Soos Moses die wil van die Here aan die volk bekend gemaak het, so het Jesus ook gekom en die Vader aan ons bekend gemaak.

Maar wat maak ons nou met Aäron? A.g.v. Moses se onvermoë om te kommunikeer, het Aäron Moses se profeet geword – hy het aan die volk oorgedra wat Moses van die Here gehoor het. Dit gebeur ook in die Nuwe Testament: Lees Joh 16:12-14. Hier leer Jesus Sy dissipels Hy kan hulle nie alles leer nie – weliswaar nie soos Moses omdat Hy nie 'n man van woorde is nie – maar omdat hulle dit nie alles op daardie stadium kon verstaan nie, en verder omdat Hy op die punt gestaan het om weg te gaan deur op te vaar hemel toe – en daarom kon Hy hulle nie meer direk leer nie. Maar dan stuur Hy die Heilige Gees om hulle te leer. Let op: Ons lees die Heilige Gees sal net leer wat Hy van Jesus ontvang om te leer, terwyl Jesus net leer wat Hy op Sy beurt van die Vader ontvang – soos wat Aäron die volk net dit moes leer wat hy van sy god Moses ontvang het, en Moses leer Aäron net dit wat hy van God ontvang het.

Dus: Moses is 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus as Profeet. Aäron is ook 'n Ou Testamentiese tipe, maar van die Heilige Gees – bo en behalwe dat ons ook later sal leer dat hy 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus is in sy rol as hoëpriester.

<u>Opsommend: Die openbaring van die Here in reaksie op Moses se 4 besware</u>

In Eks 3 en 4 lees ons van 4 besware wat Moses opper as hy deur die Here geroep word om die volk uit Egipte te gaan lei. Na elkeen van Moses se besware reageer die Here. Dit is verstommend om net vir 'n oomblik te besin oor die ryk inhoud van wat die Here openbaar in Sy reaksies op Moses se besware, en om raak te sien hoe dit heenwys na die werk van die Here Jesus, van wie Moses 'n Ou Testamentiese tipe is:

- Beswaar 1: Moses se eerste beswaar was: "Wie is ek dat ek die volk kan uitlei?" En die Here se antwoord was: "Ek is immers by jou". Moses is deur die Here gestuur. Netso is die Here Jesus ook deur die Vader gestuur om gelowiges te verlos. Hy het gekom om die wil van Sy Vader te doen. Die Vader was dus by Jesus. Daar was egter een groot verskil tussen Jesus en Moses: Die Here het beloof om altyd by Moses te wees. Maar Jesus het aan die kruis Godverlatenheid ervaar – soos wat Moses nie beleef het nie.
- Beswaar 2: Moses wou weet: "Wat is Sy Naam?" Wat is die wese en die karakter van die Here wat gaan verlos? En die Here se antwoord is: "Ek is", "Hy is", Jahwe, die Verbondsgod. Die Here maak Sy wese bekend in Sy verlossingswerk – en Hy is altyd dieselfde. Daarom kan ons steeds leer hoe Hy is uit hoe Hy Hom openbaar in hierdie antwoord aan Moses, en ook oor hoe Hy Hom openbaar in die verdere ontwikkelings in Sy verbond.
- Beswaar 3: Moses redeneer: "En sê nou hulle glo my nie?" Dan antwoord die Here en gee 3 tekens aan Moses wat hy voor die volk kan gaan doen om hulle daardeur te oortuig dit is die Here wat hom gestuur het. Die wonder van die tekens is dat dit ook aan ons leer dat hierdie verlossing wat die Here in die vooruitsig het, is 'n volledige verlossing wat aldrie ons aartsvyande volledig oorwin: die duiwel, ons eie sondige natuur, asook die wêreld. Ja, dit is nog nie duidelik presies hoe die Here elkeen gaan aanspreek nie, maar hulle gaan aldrie aangespreek word – daarvan kon die volk seker wees. En ons kan daarvan seker wees – daarom was dit die moeite werd vir die volk om Moses te glo, en daarom is dit vir ons die moeite werd om in die Een te glo van wie Moses 'n Ou Testamentiese tipe was – naamlik die Here Jesus.
- Beswaar 4: Moses protesteer: "Ek is nie 'n man van woorde nie". Die Here het egter onderneem dat al was daar 'n onvermoë by Moses om watter rede ookal om nie die Here aan die volk te kon bekend maak nie, het die Here toegesien dat Aäron bekwaam was en alreeds op pad was om Moses by te staan sodat die volk kan weet wat die wil van die Here was. Netso, al is Jesus tans in die hemel en ons op die aarde, het die Here alreeds die Heilige Gees gestuur om by ons te wees. Hy maak aan ons bekend wat Jesus aan Hom deurgee, en Jesus gee aan Hom deur wat die Vader op Sy beurt aan Jesus deurgee – soos wat die wil van die Here deur Moses en Aäron na die volk gekom het.

Ek hoop jy staan in verwondering oor hoe baie ons leer uit die gesprek tussen die Here en Moses by die brandende doringbos. Ek hoop jy staan in verwondering dat die Here onderneem om by Sy Verlosser te wees. Ek hoop jy staan in verwondering oor hoe ons insae kry in die wese en karakter van die Here. Ek hoop jy staan in verwondering oor die omvang en die volmaaktheid van Sy verlossingsplan. Ek hoop jy verstaan in verwondering oor hoeveel erns Hy daarmee maak om Sy wil aan ons bekend te maak. Hy is voorwaar al die eer waardig!